# LMS VERJAAR!

SMS Vol 2 26/02/2010

## 1930-2010

**19 Februarie 2010** is 'n spesiale dag vir elke LMesser, want ons skool waarop ons almal trots is, het 80 jaar oud geword. Ons vorige hoof, mnr Francois le Roux en sy vrou Rina het ons met hul teenwoordigheid vereer. Verskeie ander oudpersoneel het die oggend saam met ons kom kuier. Wat 'n voorreg! Ons hoofleiers het die verrigtinge geopen met skriflesing en gebed en het die verwelkoming gedoen. Mnr Coetzee het ons teruggeneem na sy eie skooldae by LMS vanaf 1959. Mnr le Roux het 'n kort praatjie gelewer en toe het oom Danie Opperman en Ferdie de Villiers die kersies saam met mnr le Roux aangesteek. Juf Esbe het vir ons kinders 'n pragtige verjaarsdaglied geleer en kon ons ook lekker saamsing. ***Ons het ook lekker partytjie gehou!!!***

**Baie dankie aan:**

***Koek en Snuffelhoek*** vir die pragtige verjaarsdagkoeke
***Cash en Carry*** vir al die koeldrank
***Leon le Roux jnr*** vir al die ysies
***Mnr Oltmann*** vir die skyfies
***NTT Toyota*** vir al die sjokolades ***DIT WAS 'N FEES!***

LUCAS MEYER
Werk en Groei
Laerskool
www.lucasmeyer.co.za
034 9815006
80

# SPELETJIESAAND

Laat elke mens sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met die van ander te vergelyk
**(Gal 6:4)**

Wie kruip hier weg vir die kinders?

Wie is vlooi juffie...?
Ai toggie!

Netbalgirls aan die werk.....

**UNIEKE GELEENTHEID OM FONDSE VIR DIE SKOOL TE GENEREER**

Die Beheerliggaam het die aanbod van 'n plaaslike verskaffer van diesel en olies, ***JJB Energy*** oorweeg en aanvaar. Hierdie projek het die potensiaal om 'n aansienlike bedrag tot die beskikking van die skool te stel.

***JJB Energy*** gee jaarliks 'n vasgestelde persentasie van die winste aan ***Lucas Meyer Skool***. Baie dankie!

Hoe meer persone aangemoedig word om van hierdie aanbod gebruik te maak, hoe groter is die bedrag vir die skool.

***Wat vra ons dus van ons ouers?***

- ***Indien u 'n dieselvoertuig het—doen moeite en maak vol by JJB Energy***
- ***Moedig u vriende en familie aan om dieselfde te doen***

***Waar is JJB Energy vulstasie?***
***Stretch Crecent 25, Vryheid***
***082 895 5208***

Die rugbymanne het groot planne. Ons sien uit na elke wedstryd.

## LMS Koshuis Kampvuurdans

*26 Februarie 2010* ***Tyd:*** *18:00*
***R40*** *volw & HS* ***R20*** *ls*
***Kontakpersone:*** *Cassie en Laetitia*

***Wintersport begin vir alle spanne op 2 Maart 2010***

**Berné, Marlie, Marga, Ashley en Thea swem in volgende Olimpiese Spele..... Baie geluk! Hulle verbeter altesaam 16 rekords by die Nardini Sprintgala. LMS se swemmers behaal 35 eerste plekke, 19 tweede plekke en 19 derde plekke. Die hele swemgroep het pragtig gelyk en julle het almal ons skool positief geadverteer. Baie dankie. LMS is trots op al die swemmers.**